Ges. 109: 1, 3. ~~Ps. 84: 1, 2~~ Ges 1: 1, 2 ~~Ps. 9: 2, 4~~ Ps. 128: 3 (D) Ges 106: 1, 2.

# Die Uur v.d. Reukoffer.

L a/Kp 6 Des. '59

Mal. 4; Luk. 1: 1-25.

Luk. 1: 6 - En hulle was altwee regverdig voor God en het in al die gebooie en regte van die Here onberispelik gewandel.

Wie die Koms van J.X. in die regte perspektief wil sien moet altyd in gedagte hou dat die tyd wat sy geboorte voorafgaan en v.d. donkuste was in Israel se hele bestaan. Op staatk. gebied was d. uitsig troosteloos: die volk het sy onafhk. verloor, Palestina sou binnekort as heremende provinsie by Rome ingelyf word, en teuyl as vasalkoning Herodes benoem is - 'n vreemdeling & vyand v.d. volk.

Op geest. & sedel. gebied was d. toestand ellendig: d. lewende geloof van voorgeslagte vervang deur vormdiens & bygeloof; die huisl. lewe van baie in diepe verval > vervreemding tussen ouers & kinders wat meer op sy beurt gelei het tot ongehoorsaamheid & onvrede.

Temidde van al hd. wackinge & onwentelinge gaan God stadig deur m.d. verlossing van sy belofte van 400-500 jr. gelede van 'n wegbereider wat d. pad v.d. Messias sou oopmaak; en ~~hd~~ die begin hiervan gedoen by d. lewe & diens van twee onbekende mense: Sagaria & Elisabeth.

I Die Bekendstelling ~~Aankondiging~~: Elke mededeling van hd. 2 mense is van van betekenis:

① die man was „'n sekere priester" - een van 'n groep van 24 afdelings (soos nog deur Dawid ingedeel) - een van ongeveer 20,000 wat destyds die tempeldiens het. het d/op: hy is nie die hoëpriester nie - net 'n gewone gadsdienstige godsdienaar - een uit duisende.

Hy en sy vrou was albei uit d. priest. geslag — en die feit toon ons hulle gehoorsaamheid aan Gods gebod nl. dat 'n priester v priestersdogter met mekaar mag trou. In hulle huweliksluiting is God terdeë geraadpleeg v geken — daarom ook geseën v gelukkig!

Albei was hulle godvrugtig: lees weer vs. 6 en sien wat alles daar staan: „regverdig voor God" (vgl. dieselfde wd. wat hier Josef gebruik word in Mt. 1:19) = godvrugtig in denke en wille, mense wat nie net uiterlik die eise v.d. seremoniële wette v.d. Jode nagekom het nie („al die regte") maar ook innerlik die morele eise v.d. wet van God („al die gebooie") probeer uitleef het. Moenie dink dat hulle lewes sonder skuld of swakheid of sonde was nie — inteendeel! (vgl. Sagaria se ongeloof in vs. 18). Maar hulle het God persoonlik geken: albei het Hom so geken — daar was volkome harmonie en inskakeling en aanvulling in hulle geloofslewe v ontmoetinge, 'n harmonie wat baiekeer so pynlik ontbreek omdat soms net een of baiekeer ook glad geen'een v.d. ouers J.X. as Here ken nie!

Mr. die geheime krag van hd. man v vrou was hulle gebedsgetrouheid — soos veral tot openbaring gekom in hulle innige, aanhoudende, jarelange gebed om 'n kind, as teken v.d. hoop dat die Messias moontlik uit hulle gebore sou word. Was dit miskien ook d. verwagting van hulle ouers? Want hy genaam: Sagaria = die Here gedenk? Sy genaam Elisabet = die eed van God? Hulle name: beeld van hoop, geloof, verwagting!

Johannes:

II Die Aankondiging: Aan hd. man verskyn God op 'n wond. plek v tyd v manier. Daar in die tempel, ten spyte van al d. afval v d. onsinnigheid v ~~[illegible]~~ daar d. volk bedryf nog Gods huis — daar verskyn God aan hd. man. Op 'n besondere manier beskik deur God: elke week een v.d. 24 afdelinge v.d. priesterstande d. tempeldiens waargeneem; elkeen deur loting hulle taak aangewys — ook die groot voorreg om d. reukoffer op d. goue altaar i/d Heilige aan te steek — net eenmaal d. voorreg in hele lewetyd! Wonderlike beskikking v. God dat juis op hd. dag op hd. plek hd. priester daar moes wees! → op d. uur v.d. reukoffer:

Nog wonderliker: engel deur God gestuur met hd. belangr. boodskap: „Moenie vrees nie, Sagaria, want jou gebed is verhoor en jou vrou Elisabet sal vir jou 'n seun baar en jy moet hom Johannes noem": die eerste engele-mededeling sedert ons enigste autentieke rekord het na 400 jr van stilswye!

In die voorhof bid d. gemeente (die volk v God): in die heilige tempel bid d. priester omring deur d. geur van wierook. Nog altyd so: hier op aarde (die voorhof v.d. hemel) bid d. gemeente; in d. heiligdom v.d. Godstempel bo bid d. enigste Hoëpriester, tree Hy vir ons in in magtige volhardende gebed! Sy gebed 'n lieflike geur voor God!

— 'n Paar hooftrekke word d. hele gesk. v lewensloop van hd. kind aan Sagaria meegedeel: dat hy soos Elia vanouds die volk in ernstige boeteprediking sou aanspreek; dat hy d. laaste profesie van die laaste verse v.d. O.T. sou waarmaak (Mal. 4: )

→ Die aankondiging bring: die hele toekoms van ons kinders, hulle lew. loop & werk alles reeds tyd heuce bekend!

III Die afsondering:

1) As straf omrede v sy ongeloof word Sagaria d. stilswye opgelê: vs. 20. Hd. gedwonge stilswye sou vir Israel tot groot seën word. So is God altyd: ook in sy straf seën Hy wonderlik. Ook vir Elisabeth volg daar 5 maande v. afsondering: tyd v. ryk en heerlike besinning tesin sy en haar man oor al d. gebeure kon nadink, hulle vir die grootse verwagting kon voorberei! Kon nie anders as verrykende, veredelende, verheff. invloed op hulle hê nie: uit die stilte v. maande word 2 lofliedere gebore!

2) Die engel v God verbreek d. stilte deur sy besoek aan Maria en sy aankondiging dat Xtus d. Saligmaker uit haar gebore sou word. So was dit toe - so is dit nou nog: Xtus J-se koms verbreek d. stilte, d. afsondering, die verwagting!

→ Besinning voor Kerstyd oor alles wat Xtus kom skenk, wil gee!

Heil ons! Daar is 'n Kind gebore
'n wonder van Gods liefdemag,
tot ewige heerskappy verkore
sy las is lig, sy juk is sag.
Sy naam is Wonderbaar; sy dade
is wonders, waar d. hel voor swig
Hy skenk aan sondaars sy genade
en voer hul na die hemellig.